

## Sing vooraf: Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 "Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein".  
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.  
"Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;  
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 "k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 66:7 (p. 322)

- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!  
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.  
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;  
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Gebed

Psalm 47:4 (p. 241)

- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar  
van die heidendom. Vorste en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.  
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Skriflesing: Esegïel 36

Teks.: Esegïel 36:25-27; Kategismus Sondag 26

**Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.**

(Esegïel 36:25-27 AFR53)

Ons is soms so fisies ingestel op die lewe dat ons die geestelike wêreld waarvan ons deel is, heeltemal misloop – eintlik lewe ons soms so asof dit nie eers bestaan nie.

- Dis soms asof dit by ons vanself kom om net oor die fisiese wêreld te dink asof dit die enigste wêreld is wat bestaan
- en ook asof dit die enigste wêreld is wat ons heil en voorspoed bepaal.

'n Voorbeeld hiervan is die hartoorplantingstorie.

Ongeveer veertig jaar gelede was ons koerante vol oor die eerste hartoorplanting – so het almal gedink.

- Fisies was dit vir die moderne wêreld waar.
- Maar die eerste hartoorplanting wat vir jou ewig lewe gee, het baie baie eeue voor dit alreeds gebeur.

Kom ons kyk in hierdie preek na die volgende dinge wat die ewige lewe raak: Dit gaan daaroor hoe ons rein word, en natuurlik dat ons rein moet wees en rein moet bly. Die oomblik wanneer ons ons reinheid verloor, tree die dood in – fisies en geestelik!

## **1. Reinheid en lewe deur die Gees van die Here Jesus Christus**

### **2. Wat beteken die toekenning van die Gees?**

## **1. Reinheid en lewe deur die Gees van die Here Jesus Christus**

Dis vir ons baie snaaks dat die Here in die gedeelte profeteer dat Hy skoon water oor sy volk sal uitgooi.

- Dis vir ons ondenkbaar dat mens vuil water oor enige mens sal uitgooi – as ons dan water oor iemand moet uitgooi!
- In die tyd toe die boek Esegïël geskryf is, was skoon water glad nie so volop soos in ons tyd nie.
- Buitendien was water so skaars dat dit nie sommer net so weggegooi is of oor iemand uitgegooi is nie.

Daarom is die buitengewone van die woorde dit dat die Here iets wat baie kosbaar is oor die gelowiges gaan uitgooi – iets wat hulle nie waardig was dat dit met hulle moes gebeur nie. Die Here beskryf dieselfde daad van Hom met nog iets anders:

- Hy gaan ons harte vervang.
- Hy gaan ons letterlik 'n geestelike hartoorplanting gee. Hy gaan die hart van klip uit ons liggame uit verwyder en aan ons 'n hart van vlees gee.
- Hy gaan ons verhardheid in die sonde uithaal en aan ons die sagtheid van sy vrede en teenwoordigheid gee.
- So word die beeld van God, naamlik ware geregtigheid en heiligheid, in ons herstel.

Die ding gebeur verseker op die terrein van ons gees – maar die neerslag daarvan is baie baie fisies.

**En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. (Esegïël 36:27 AFR53)**

Die Here openbaar dus hier dat sy Gees deel word van ons wanneer Hy ons verlos – wanneer Hy vir ons 'n nuwe hart gee.

- Sy Gees maak ons rein – Hy maak ons lewe skoon.
- Die Gees van God maak nie ons lewe skoon deur ons allerhande snaakse en uitspattige wonderwerke te laat doen nie.
- Hy lei ons om die dinge te doen wat die Here van ons verwag – sy insettinge te onderhou en sy verordeninge na te kom.

Om die Here se insettinge en sy verordeninge te onderhou, beteken dat ons al tien die gebooië moet nakom.

- Dit is tog fisies om gehoorsaam te wees en om nie iemand dood te maak nie.
- Dis net so fisies om nie die Here se Naam op 'n verkeerde manier oor jou tong te laat kom nie.
- Dit is net so fisies om die Here in eredienste op te soek en te aanbid.

Waar begin dit dat my voete in die kerk instap om die Here te gaan aanbid?

- Dit begin in my gees waar die Gees van die Here my gees oproep om na die samekoms toe te gaan wat deur die Here bestel is om sy kinders te seën.

Waar en hoe werk dit dat die Heilige Gees van God in my is om my gees op te roep en te stuur? Dit begin by 'n hartsverandering wat God bewerk.

**En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.**

(Esegiël 36:26-27 AFR53)

Die Here begin hierdie proses eintlik al in die ewigheid voor die skepping (Efesiërs 1:4), maar fisies begin Hy dit met ons wanneer ons gedoop word. Dit is inderdaad waarna die Here verwys met die woorde:

**Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word;**

(Esegiël 36:25a AFR53)

In Esegiël se tyd was die doop van bekering al lankal in gebruik.

- Wanneer iemand berou gehad het oor 'n sonde wat hy gedoen het, het hy tempel toe gegaan waar die priester saam met hom gebid het.
- Die teken dat die Here die sonde vergewe het, was dan die doop van bekering.
  - Die priester het 'n hisopbossie in water ingedruk en die sondaar daarmee besprinkel.
  - Dit is die bekeringsdoop genoem – dis die doop wat ook deur Johannes die Doper bedien is.

Dit was 'n voorspel daarvan dat die Here Jesus se bloed ons sondes van ons afwas soos wat skoon water al die vuilheid van ons liggeme afwas. Afwassing van sondes beteken vergifnis van sondes – dit wat reeds deur die Ou-Testamentiese bekeringsdoop voorgestel is.

**Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.** (Jesaja 1:18 AFR53)

As gevolg van ons sondes wat soos skarlaken is, verdien ons die hel, maar Hy doen dit anders: Hy maak ons wat in sy Naam glo, kinders van God.

## **2. Wat beteken die toekenning van die Gees?**

Ons sou maklik verlei kon word en dink dat dit net oor *water* gaan wanneer iemand gedoop word, veral omdat die Here dit hier in die Ou Testament ook al so duidelik stel: Hy gaan skoon *water* oor ons sprinkel.

Daar gebeur egter by die doop iets ontsettend belangriks:

- Doop en die Gees van God gaan saam. Die Here sê:

**En Ek sal my Gees in jul binneste gee ...** (Esegiël 36:26a AFR53)

Die hartoorplanting het sekere baie duidelike effekte op die mens met die nuwe hart. Sy gesindheid en sy lewe na buite toe is meteens anders.

Kyk eers hoe sien die Here ons: Esegiël beskryf die afgodsdienste wat deur die volk bedryf is in vers 13 en 14:

**'n Menseter is jy en een wat sy eie nasie kinderloos maak – daarom sal jy nie meer mense opeet en jou nasie nie meer laat struikel nie, ...**

(Esegiël 36:13b, 14 AFR53)

Christus het die doop ingestel. Waarom?

- Omdat Hy daarmee iets sigbaars gebruik om uit te beeld dat ek baie vuil is as gevolg van al my sondesmet, maar dat Hy daar iets aan doen – Hy was my sondes af.
- Hy gebruik dus iets in die fisiese lewe om iets uit te beeld wat in die onsigbare deel van my lewe gebeur.
  - Hy beloof met die doop dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is van al my sondes, gewas is as wat ek uitwendig met die water gewas is wat die vuilheid van die liggaam wegneem.

Wat nou? Ek is gewas deur die bloed van die Here Jesus Christus en sy Gees is aan my gegee – en wat gebeur nou verder?

Dit is presies waar die effek van die hartoorplanting inskop!

- Meteens lei die Gees van God my om met my sondes te breek.
- Dadelik is daar iets anders in my optrede sigbaar – fisies sigbaar.
  - Ek maak nie meer so maklik rusie nie.
  - Meteens begin ek toenemend onderskei watter dinge vir die eer van God belangrik is en watter nie – en dit is die dinge waarvoor ek my dan beskikbaar stel.
  - Ek deel nie meer die ontevredenheid van my lewe uit nie – ek deel die vrede van die Here met almal.
  - So leef ek die vrugte van die Gees uit.

**Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.**  
(Galasiërs 5:22 AFR53)

So bly ek rein – en laat die nuwe hart my die eerste beginsels van die ewige lewe reeds in hierdie lewe ervaar en uitlewe.

Hierdie gedeelte in die Bybel leer ons dat die Gees van God ons nie ekstreme dinge laat aanvang – soos wat dikwels geleer word nie.

- Die Gees van God laat ons nie noodwendig in tale praat nie.
- Hy laat ons nie in waansin neerval en stuiptrekkings kry nie.
- Hy laat ons nie skreeu van belewenis nie.
- Hy lei ons om met verantwoordelikheid anders as die sonde te word.
- Hy lei ons om te lewe in die vrede en duidelike insig wat God gee.

Hieruit leer ons dat die verlossing deur die Here Jesus Christus absoluut en noodsaaklik is as ons heilig wil word.

- Maar dit leer nie 'n moeilike pad vorentoe wat soos 'n donker slang deur 'n digte oerwoud voor ons lê nie – dit leer dat die Here saam met die verlossing sy Gees aan ons toeken om ons vuil en sondige hart te vervang.
- Hy vervang ons gesindheid en ons insig – ons moet net met die grootste verantwoordelikheid hierdie nuwe lewe betree en toe-eien.

Daarom kan ouers wat nie self hierdie pad loop nie, ook nie hulle kinders laat doop nie. Die rede is eenvoudig:

- Mense wie se lewens getuig dat hulle die Gees van die Here nie as hulle lewensgesel het nie, kan hulle kinders ook nie op hierdie pad lei nie.

Dit klink onredelik, maar dit is nie. Iemand wie se hart onwedergebore is, se lewe getuig daarvan. Hy/sy maak hom dus kenbaar as 'n vyand van die Here.

- 'n Onwedergeborene kan nie 'n wedergebore mens lei nie.
- Anders gestel: iemand wat nog vasgevang sit in sy hart van klip, kan nie iemand anders lei om die Here te ken nie, want hy het nie die hart wat die Here gee in hom nie.

Om met die hart te kan lewe wat God gee, moet ons eers in hierdie wêreld sterf. Die Here sê dit uitdruklik:

**As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense. Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. (1 Korintiërs 15:19-23 AFR53)**

Kom ons kyk wat ons hieroor in ons Belydenisskrifte neergeskryf het – in die Heidelbergse Kategismus Sondag 26:

**Vraag 69: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?**

**Antwoord:** So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy beloof (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.

(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3.

**Vraag 70: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?**

**Antwoord:** Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).

(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Op 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12.

**Vraag 71: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?**

**Antwoord:** Met die instelling van die doop wat soos volg lui: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees . . .” (Matt 28:19); en: “Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word” (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem (Tit 3:5; Hand 22:16).

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 31:1, 4, 15 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.  
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 4 Ek gee my gees oor in u hande, / my Redder, wat my trou / in veil'ge hoede hou.  
Ek haat hul wat met offerbrande / hul neerbuig voor die gode. / Ek steun op God in node.
- 15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!  
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 9 Julie 2006  
Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum: 6 Oktober 2013.